Hoërskool Framesby 50 HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 141: 19 Januarie 2018

2018 – JAAR VOL BELOFTE!

Die Framesby-familie het 'n besonder geseënde 2017 beleef, en alles dui daarop dat 2018 nog 'n baie suksesvolle jaar kan wees. Groot dinge lê voor, en soos ons al gewoond geraak het daaraan, gaan ons leerders blootgestel word aan besonder strawwe kompetisie op alle terreine, terwyl die akademiese eise glad nie kleiner sal word nie.

Baie welkom aan ons nuwe ouers. Framesby is 'n skool waarin elke leerder hom of haar totaal kan uitleef, en die hele skoolomgewing is beslis bevorderlik vir die ontwikkeling van elkeen se potensiaal. Soms word daar foute ook gemaak, maar in hierdie skool kan elkeen gelukkig wees. Ons skroom nie om op te staan vir wat reg is nie, en werk elke dag hard daaraan om ons waarde-stelsel uit te leef en te vestig.

Mag 2018 werklik 'n jaar wees waarin ons leerders sal ontwikkel tot verantwoordelike, betroubare, respekvolle, regverdige en empatieke jong volwassenes. Mag ons in afhanklikheid ook groot Seën van Bo ervaar!

DIE ASSESSERINGSPROGRAM BEGIN BINNEKORT!

Soos verlede jaar sal daar tydens die eerste kwartaal op 'n deurlopende basis formele assessering in die vorm van gestandaardiseerde toetse plaasvind. Hiervoor word die tydrooster op Maandae, Donderdae en Vrydae aangepas om voorsiening te maak vir 'n toetsgleuf. Hierdie reëling word bloot getref om ons in staat te stel om 'n hele graadgroep gelyk te laat toets skryf, en moet NIE verwar word met een of ander vorm van eksamen nie! Die skoolprogram gaan normaal voort en die leerders sal soos normaal huiswerk-opdragte ontvang. Volgens departementele voorskrifte moet hierdie toetse geskryf word, en verkieslik wanneer 'n bepaalde gedeelte van die werk afgehandel is. Daar is dus ook nie sprake daarvan dat die leerders in alle gevalle oor die hele kwartaal se werk skryf nie.

Intussen sal die ander komponente van Skoolgebaseerde Assessering afgehandel word. Hier verwys ons na die take en opdragte wat ook deur die departement voorgeskryf word. Soos in die verlede sal u binnekort die volledige assesseringsprogram in die vorm van 'n kalender ontvang. Dis uiters noodsaaklik dat hierdie program noukeurig bestudeer moet word sodat leerders nie onnodig sekere aktiwiteite misloop nie.

Die skoolprogram verloop normaal tot op die laaste skooldag van die kwartaal, en ons wil by voorbaat dit beklemtoon dat afwesigheid sonder 'n geldige rede in 'n baie ernstige lig beskou word en nie aanvaarbaar is nie!

Handboeke vir English First Additional Language

Weens onvoorsiene skerp prysstygings in die produksiekoste van ons werkboek vir English First Additional Language (**Pathway to Success**), moes die verkoopprys onvermydelik verhoog word na **R180**. Die boek is by Mnr. Joubert te koop en is **verpligtend** vir alle Graad 8 tot 11-leerders.

MUSIEK-TRIVIA-AAND

Ten bate van die

JAPAN-TOER

Vrydag 2 Februarie

SKOOLSAAL 19:00

R60 pp of R600 per tafel

Kaartjies: Westway Café of Algemene Kantoor

Sien berig op bladsy 2

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die Graad 8-leerders wat in die hierdie week verjaar, se name verskyn ongelukkig nie in die lys hieronder nie. Die lys sal van volgende week af volledig op datum wees.

Saterdag
Grayson Ditlow 12C
Anja Spreeth 12C
Eldino van Rhyn 9G

Sondag
Stefanie du Plessis 10D
Monette Swanepoel 10A

Maandag
Bianca du Plessis 11B
Eza Ferreira 11B

Dinsdag
Elsje Duckitt 10E

Woensdag
Carmen Ellard 10B
Aimee Sinden 12A

Donderdag
Tane Fry 12C
Lance Opperman 12F

Vrydag
Geen

FRAMESBY IS TROTS OP ....

AKADEMIESE TOP 20 IN ELKE GRAAD IN NOVEMBER 2017

Ons is ontsettend trots op al ons leerders wat verlede jaar tydens die eindeksamen baie goed gedoen het. Alhoewel almal nie in die Akademiese Top 20 kan wees nie, is daar geen twyfel nie dat die oorgrote meerderheid van ons leerders hul bes gelewer het. Mag elkeen daarna streef om vanjaar nog meer suksesvol te wees op akademiese terrein. Baie geluk aan al die leerders wie se name hieronder verskyn. Hulle is ons top-presteerders en hierdie prestasie bewys net weer dat konstante harde werk en toewyding vrugte afwerp. Baie geluk!

GRAAD 11		GRAAD 10		GRAAD 9		GRAAD 8	
1	Megan Tait	1	Eza Ferreira	1	Karla Scheffer	1	Tiaan Bouwer
2	Stephanie Oberholzer	2	Elné Vosloo	2	Karla Barnard	2	Shanel Smith
3	Kayla Bester	3	Carli van Onselen	3	Franco van Eeden	3	Clarisse Viljoen
3	Corne Geldenhuys	4	Nina Woithe	4	Ernst Schutte	4	Leoné van Staden
3	Louis Potgieter	5	Deidri Odendaal	5	Ankia de Lange	5	Jimé Bezuidenhout
6	Jaco Gerber	6	Kaylin Vorster	6	Lize-Mé Otto	6	Simoné du Randt
7	Lize-Marié Els	7	Nicole Hamilton	7	Janneke Stumke	7	Lara Strauss
8	Marne Olivier	8	Johann Postma	8	Simoné le Grange	8	Lianca Geldenhuys
9	Elzabé van Niekerk	9	Gerrida Stadler	9	Marika Louw	8	Ruark Potgieter
10	Ruan Reinhardt	10	Kara van Heerden	10	Mieke Ollewagen	10	Ischke Kotze
11	Luan Ras	11	Charlie Hart	11	Jurgens Borman	11	Wehan Smith
12	Mieke Alberts	12	Pascalé Potgieter	12	Michaela Verstraeten	11	Bianca Swarts
13	Ingebörg Jordaan	13	Twané Anderson	13	Simoné Roberts	13	Tenique Bekker
14	Morné v d Mescht	14	Jaden Terblanche	14	Taryn Landman	14	Charlize Els
15	Mieke Stroebel	15	Simoun Jacobs	15	Schalk Mostert	14	Zander van Rooyen
16	Amoré Terblanche	15	Tian Botha	16	Leanrey Slater	16	Karla van As
16	André-Hugo Wium	17	Derik van der Merwe	17	Jean-Mari Mulder	17	Chloe Hill
18	Leigh Drake	18	Kayla Herd	18	Dandri Oosthuizen	17	Chandré J v Rensburg
19	Tane Fry	19	Kayleigh Erasmus	19	Mischka Strydom	19	Kari Nel
20	Lané Ingram	20	Damian Vermaak	20	Jean Pierre Cloete	20	Tana Louise van Rhyn
						20	Anya Weyers

HEERLIKE PRET! JAPANGROEP HOU MUSIEK-TRIVIA AAND

Die ouers van die span wat in April na Japan vertrek, bied op Vrydag 2 Februarie 'n Musiek-Trivia-aand aan As deel van hul veldtog om fondse in te samel. Die aand begin om 19:00 in die skoolsaal en die koste beloop R60 per persoon of R600 vir 'n tafel van 10. Daar sal 'n kontantkroeg beskikbaar wees en eetgoed sal deurlopend te koop wees. Daar is ook lekker pryse op die spel. Kom geniet 'n aand van heerlike ontspanning en pret! Kaartjies is by Westway Café beskikbaar (041 365 0217) of by die Algemene Kantoor by die skool.

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 20 Januarie	Sondag 21 Januarie	Maandag 22 Januarie	Dinsdag 23 Januarie	Woensdag 24 Januarie	Donderdag 25 Januarie	Vrydag 26 Januarie
Gr 8 Kamp **Gr 8 Ouergeselligheid**		**Dag 1** **Matriek Oueraand 19:00** **Muurbal** Registrasie	**Dag 2** **Atletiek:** Interhuis begin (Middag) **ATKV Sweepslag** Jaarvergadering **Krieket (D)** Linkside	**Dag 3** **Atletiek:** Interhuis (Middag) **Dansklub begin**	**Dag 4** **Atletiek:** Interhuis (Middag) **Krieket (D)** Chatty	**INTERHUIS ATLETIEK!!**

TROTS OP 2017-MATRIEKS!!



Alhoewel dit na afloop van die Junie-eksamen wou lyk asof 2017 ‘n besonder skraal jaar vir Framesby kan wees, het ons Graad 12-klas vriend en vyand verras met hul uitstekende uitslae in die Senior Sertifikaat-eksamen van 2017. Framesby is een van die slegs 115 skole landwyd wat ‘n 100%-slaagsyfer behaal het, en een van slegs twee skole in Port Elizabeth wat hierdie prestasie kon behaal.

Dat 75% van die 2017-matrieks ‘n graadkursus aan ‘n universiteit kan volg, is besonder verblydend. Alhoewel almal nie noodwendig gaan studeer nie, staan die deur oop om enige tyd in die toekoms wel graadstudies te oorweeg. Die res van die groep, met die uitsondering van 4 leerders, kan almal ‘n diplomakursus volg indien hulle dit sou verkies.

Verskeie matrieks het ongelooflik verbeter deur die loop van die jaar, en ons is baie trots op hulle. Ons bars egter van trots oor die uitstekende uitslae van ons top-presteerders. Altesaam 14 kandidate het met onderskeiding geslaag (80% en meer gemiddeld). Hulle is Leah Nell (7 onderskeidings), Ludévin Parkinson (6 onderskeidings), Keitlin Mitchell (7 onderskeidings). Sanri Marx (7 onderskeidings), Caroline Janse van Rensburg (7 onderskeidings), Charl van Greunen (7 onderskeidings), Wiandré Pieters (6 onderskeidings), Liza-Marli Swanepoel (5 onderskeidings), Marico Bence (6 onderskeidings), Adriaan Brink (4 onderskeidings), Tiaan Coetzee (5 onderskeidings), Lené-Maré Siebert (4 onderskeidings), Ansunel van Rooyen (5 onderskeidings) en Shannon Jackson (4 onderskeidings).

Die matrieks het altesaam 180 vakonderskeidings behaal, en terwyl 110 van die 189 kandidate meer as 60% gemiddeld behaal het. Voorwaar baie om op trots te wees.

Ons sal hierdie groep se vordering ná skool met belangstelling volg, en vertrou dat hulle uiters suksesvol hul plek in die volwasse lewe sal kan volstaan. Ons beste wense vergesel hulle. Dankie vir die wonderlike spore wat julle nagelaat het!

OPWINDENDE PAINT RUN BY FRAMESBY!

Op Vrydag 23 Februarie word daar ‘n wonderlike geleentheid op ons atletiekbaan aangebied wat groot pret belooft vir oud en jonk. Hierdie geleentheid, wat deur **HAVAL, Port Elizabeth** geborg word, sal om 17:15 begin met ‘n 100*m* “Dash” vir 4 – 6 jariges, waarna die 2,5 *km* en 5*km*-wedlope sal plaasvind.

Die minimum-ouderdom vir die twee wedlope is 6 en 9 jaar onderskeidelik.

Verskillende kleure verf sal gratis aan deelnemers voorsien word, en mag net op die rugbyvelde aangewend word. Heerlike eetgoed sal verkoop word en gelukkige trekking-pryse is op die spel!

Die inskrywingsfooi beloop R20 vir die “Dash” en die 2,5*km*-wedloop, en R40 vir die 5*km*-wedloop. Medaljes sal oorhandig word aan die eerste 80 atlete in die 2,5*km*, terwyl die eerste 200 atlete in die 5*km*-wedloop medaljes sal ontvang. Vir die *dash* sal die eerste 10 dogters en eerste 10 seuns elkeen ‘n medalje ontvang. Inskrywings kan by die Sportwinkels gedoen word tot 21 Februarie.

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIEL

WORD SOOS KINDERTJIES

Ons kan dankbaar wees dat die Evangelies ook die verhaal bevat dat Jesus die kindertjies geseën het. Daaruit kan ons leer dat Hy nie net in volwassenes belang gestel het nie, maar ook in kindertjies. Hulle was vir Hom belangrik genoeg om tyd aan hulle af te staan en liefde aan hulle te bewys.
Maar meer as dit: Jesus het die geleentheid ook gebruik om 'n uitspraak te maak waarin die hart van die hele evangelie blootgelê word: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie" (Markus 10:14-15).

Daaruit is dit duidelik dat die koninkryk van God nie iets is vir die grotes, die sterkes, die magtiges, die vernames en die geleerdes nie, maar vir die kleines en die swakkes, die betekenisloses en geringes. Die hele evangelie maak presies dit duidelik: Jesus het nie gekom vir diegene wat dink dat hulle hulself kan help nie, want die siekes het die geneesheer nodig, nie die gesondes nie.

Jesus het gekom vir verlorenes, nie vir godsdienstige mense wat hulleself regverdig ag nie. Sondaars en tollenaars het Hy soos 'n magneet na Hom toe getrek. Slegte vroue het in gebrokenheid hulle hele goddelose bestaantjie aan sy voete uitgehuil. Vir die ordentlikes se gevoel het Jesus maar bra slegte smaak en 'n gebrek aan oordeelsvermoë gehad. Maar uit 'n gedeelte soos Luk 15 word dit duidelik dat verlore seuns en ander dubieuse karakters juis vir die heil as geskenk van Godsweë in aanmerking kom.

In Matteus 11:25-26 dank Jesus God dat Hy die dinge van die evangelie vir wyse en verstandige mense verberg het, maar dit aan kindertjies geopenbaar het. Paulus skryf in 1 Korintiërs 1:26-27 dat God nie die geleerdes of invloedrykes uitverkies het nie, maar dwases, swakkes en ongeleerdes. In Markus 10 waarin die woorde oor die kindertjies staan, lees ons van die ryk jongman wat bedroefd van Jesus weggegaan het. Sy hande was te vol om nog die heil ook te kon ontvang.

Jesus se hart gaan uit na die siekes en die armes. Hy het hulle innig jammer. Die grootste deel van sy bediening bestee Hy aan hulle. 'n Mens dink hier aan die pragtige gedig van N.P. van Wyk Louw oor Jesus se geboorte, wat nie in konings se paleise plaasgevind het nie, maar in die armoede van 'n krip, terwyl die tyding daarvan eerste aan arm, vuil en ruwe skaapwagters bekend gemaak is.

Die kindertjies pas in die ry van die hierdie soort mense. Hulle ontvang die koninkryk nie omdat hulle op enige wyse daarvoor kwalifiseer nie, behalwe dan deur hulle nood en magteloosheid. Want die koninkryk is 'n geskenk van genade. 'n Mens ontvang dit soos 'n kindjie, of jy ontvang dit nie. Meer as maar net ontvang hoef geen mens te doen nie, maar is daar iets moeiliker vir rykes, magtiges en geleerdes?

Uit *Die Burger*, 16 Junie 1990

KRIEKETSPAN GOED BY GREY KOLLEGE

Ons eerste krieketspan het tydens die laaste week van die vakansie aan Grey Kollege se nasionale toernooi in Bloemfontein deelgeneem. Slegs die top-skole in Suid-Afrika word na hierdie toernooi uitgenooi en ons manne het groot naam gemaak, ondanks die feit dat ons net een wedstryd kon wen. In al ons wedstryde was ons manne baie kompeterend en moes die opponent baie hard werk. Die span het ook groot komplimente ontvang vir hulle spangees en uitstekende gedrag op en van die veld.

In hul eerste wedstryd teen Westville is Westville uitgehaal vir 235 lopies in 60 boulbeurte. Roché Meiring het uitgeblink deur 4 paaltjies vir 56 lopies te neem. Framesby het hierna 223 vir 7 in 55 boulbeurte aangeteken. Divan Meyer het 'n pragtige 90 lopies gemoker, en is goed ondersteun deur Justin Smith met 53 lopies. Die wedstryd eindig onbeslis.
Hierna het ons teen St Charles College gespeel in 'n T20-wedstryd. St. Charles kon 125 aanteken in die 20 beurte waarna Framesby 114 vir 9 aangeteken het. Corné Ferreira was die beste kolwer met 32 lopies. Ons verloor die wedstryd met 11 lopies.

In die derde wedstryd het ons Somerset College in 'n T20-wedstryd gepak en teken 148 vir 6 aan in 20 beurte. Divan Meyer het uitgeblink met 67 lopies, nie uit nie. Hierna is Somerset almal uitgehaal vir 129 lopies. André Gerber het goed vertoon met 3 paaltjies vir 18 lopies.

Ons laaste wedstryd was teen die gashere, Grey Kollege. Die wedstryd is oor 50 beurte beslis, en Grey het eerste gekolf en 268 vir 8 aangeteken. André Gerber en Marius van Rooyen het beide 2 paaltjies platgetrek. Framesby het hierna gaan kolf en is almal uitgehaal vir 188 lopies in 46 beurte. Roché Meiring met 36, en Corné Gerber met 35, was die beste kolwers. Ons verloor die wedstryd met 80 lopies.

Baie geluk aan ons krieketspan met julle goeie vertoning. Mag die 2018-seisoen nog baie hoogte-punte oplewer! Baie dankie ook aan ons afrigters wat baie ure insit om ons spelers op 'n hoë standard te hou.

Baie sterkte ook aan al ons ander krieketspanne. Mag julle ook 'n wonderlike seisoen beleef.